AFDELING B**VRAAG 2****2.1 Matteus:****2.1.1 Jesus se leer:**

Hy rangskik Jesus se hoofgedagtes in 'n maklik verstaanbare sisteem.
Hy verdeel dit in vyf hoofafdelings:

- (a) Die Wet van die Koninkryk/bergrede (bergpredikasie)
- (b) Ambassadeurs van die Koninkryk/Opdragte aan die Apostels
- (c) Gelykenisse oor die Koninkryk
- (d) Persoonlike verhoudings tussen lede van die Koninkryk
- (e) Die koms van die Koninkryk

Hy rangskik dit soos die vyf boeke van die Pentateug.
Dinge word in drie/vyf/sewe geplaas – hy was 'n Jood.
Simboliese waarde: drie versoekings; drie genesingswonders;
Drie gebede in Getsemanè; Peter verraai Jesus drie keer;
Sewe "weë julle" uitsprake teen die Fariseërs.

6x2=(12)

2.1.2 Koninklike evangelie

Jesus is die Koninklike Seun (nakomeling) van Koning Dawid.
Gebore as die Koning van die Jode
Wyse manne kom soek die koning in Betlehem.
Jesus is Koning van die wet - Hy vervul die wet.
Kruis se opskrif: "Koning van die Jode".
Jesus maak aanspraak: "Aan My is gegee alle mag"
(Koninklike mag)
Intog in Jerusalem was koninklik.
Hy gaan op Sy heerlike troon sit (25:31)
Koning oor die sabbat (12:8)
Sit in Bergrede Sy grondwet uiteen.

5x2=(10)

2.2 Waarde van Paulus se briewe:

**Hy bespreek morele vraagstukke wat vandag
nog bestaan.**

Hy verduidelik die organisasie van die kerk.

Dit bevat godsdienstige leerstellings.

Dit dek temas soos: Christus is sentraal in die
ganse heelal;

Opstanding; Christus bestaan van
ewigheid af;

Praktiese wenke vir vandag se Christene.

Bespreek probleme/vraagstukke in die
Christelike leer/dogma.

6x2=(12)

2.3 **Fillippense:**

- 2.3.1 Judaïste: gevaar van hulle invloed
'n Mens kan slegs gered word deur wetsgehoorsaming.
preek wetsverering wat teenstrydig is met die Evangelie
van Christus. 3x2=(6)
- 2.3.2 Euodia en Sintige: Hierdie twee vroue het baklei en nie in harmonie
saamgewerk nie. Dit het verdeeldheid in die gemeente veroorsaak.
Hulle het getwis en gewedywer. Hulle moes saamwerk en eensgesind
wees. 2x2=(4)
- 2.3.3 Epafroditus: Hy is deur die gemeente na Paulus gestuur met
geskenke. Daar in die tronk het hy baie ernstig siek geword. Hy is
beter en die gemeente is bekommerd. Paulus stuur hom terug. Hy dros
nie. Hulle moet hom met liefde terugontvang. 5x2=(10)

2.4 **Outeurskap van II Petrus:**

Die probleem: die Grieks van II Petrus is veel swakker as die van I Petrus.

II Petrus stem baie ooreen met die brief van Judas – tog weet ons dat Judas
lank na Petrus se dood geskryf is.

Ter ondersteuning van Petrus se outeurskap

In sy eerste brief was Silvanus/Silas sy sekretaris – vandaar die puik Grieks.

II Petrus is deur die apostel self geskryf, daarom swak Grieks – hy was net 'n
visserman.

Geen bewyse dat Petrus Judas se brief gebruik het nie – dit kon andersom
gewees het.

Die skrywer verwys na sy eerste brief en ons aanvaar die apostel het I Petrus
geskryf.

Hy verwys na Paulus as "my geliefde broer" – dus 'n mede-apostel.

Hy weet dat sy einde naby is.

Petrus was nie die outeur nie:

Vroeë kerk was traag om hierdie brief te
aanvaar.

Daar is min wat ooreenstem met I Petrus.

Die styl van die briewe verskil baie.

Daar is groot ooreenkomste met die brief Judas.

Die eerste Christene is reeds dood.

Paulus se geskrifte is toe reeds aanvaar.

8x2=(16)

2.5 Doel van Openbaring

Doel was nie om die toekoms te voorspel nie.
 Wou die wat onderdruk is, vertroos.
 God sien al hulle tranes en lyding raak.
 Hulle dood is kosbaar vir Hom.
 Om hulle van hul verlossing te verseker.
 Hulle dood sal gewreek word.
 Hulle gaan vir ewig saam met Christus regeer.
 Dit is 'n profetiese geskrif – die skrywer roep almal op om God te dien en te gehoorsaam.
 Dit is ook 'n apokaliptiese boek – die skrywer (Johannes) voorspel hoop vir alle Christene.

5x2=(10)

[80]

VRAAG 3

3.1 Lukas:

3.1.1 'n Universele evangelie:

Hy voer Christus se herkoms terug tot by Adam.
 Haal Jesaja 40:3-5 aan wat sê "En al die mense sal die verlossing sien."
 Samaritane en heidene word genoem – die barmhartige Samaritaan word geprys.
 Jesus noem die Romeinse soldaat se geloof.
 God se Koninkryk is vir die armes – gelykenis van ryk man en Lasarus.
 Ook vir die rykes – Josef van Arimatea 'n vriend
 Lukas 'n sterk sin vir sosiale regverdigheid
 Jesus het nie omgee om by uitgeworpenes te eet nie – Saggeus of die Fariseërs
 Lukas noem vroue spesifiek Elisabet, Maria, Anna.

8x2=(16)

3.1.2 Wat leer ons daaruit?

Dat daar plek is vir almal in die Koninkryk van God.
 Ons mag niemand op grond van sy materiële besittings veroordeel nie.

2x2=(4)

3.2 Verduidelik die Sinoptiese probleem:

Probleem: Hoe kon drie verskillende mense (Matteus, Markus, Lukas) aan drie verskillende volke/nasies, op drie verskillende plekke, verskillende tye drie evangelies skryf wat so eenders is volgens samestelling, inhoud en taalgebruik?

Ooreenkomste in samestelling: Al drie evangelies is dieselfde uiteengesit: doop en versoeking van Jesus; sy Galilese bediening; reis van Galilea na Jerusalem; laaste week in Jerusalem; gevangeneneming; verhoor; kruisiging en opstanding en verskynings van Jesus

Ooreenkomste in taal: Om dit beter te begryp, moet ons die Griekse taal ken waarin die evangelies geskryf is. Volle sinne of sinsnedes is dieselfde; vreemde Griekse woorde stem ooreen; Jesus se woorde soms in identiese Grieks weergegee.

Ooreenskoms in inhoud: sommige vertellings kom in net een evangelie terwyl ander in twee of drie voorkom. In die meeste gevalle is hulle baie eners.

Vraag verdiep as daar na die verskille gekyk word.

7x2=(14)

3.3 Gevangeniskapsbriewe

Efesiërs: God se plan om Jode en heidene (Grieke) te verenig
Christus is die hoof van die kerk.
Christus is die hoeksteen.
Advies oor behoorlike Christelike gedrag.
Die Kerk is die liggaam van Christus.

Kolossense: Waarsku die Kerk teen 'n valse leer.
Verduidelik die beginsels van die Christelike lewenswyse
Deur Christus het God die wêreld gemaak en onderhou Hy dit – deur Hom sal God dit red.

Filippense: Bedankingsbrief vir die geskenk
Verduidelik waarom Onesimus terug kom
Pleit vir eensgesindheid
Waarskuwend en bemoedigend
Waarsku teen Judaïers

Filemon: Prys Filemon vir sy geloof
Versoek om Onesimus terug te ontvang

8x2=(16)

3.4 Begrip Voorspraak (Parakleet):

Evangelie volgens Johannes: Johannes gebruik die woord **parakleet** om na die Heilige Gees te verwys.

Johannes se eerste brief: Hy gebruik die woord om na Jesus te verwys.

2x2=(4)

3.5 Johannes se eerste brief – Waarhede oor Jesus

Hy was van die begin af daar.

Hy is die Messias.

Hy was volkome mens.

Hy was sonder sonde.

Hy is ons Voorspraak.

5x2=(10)

3.6 Die outeurskap van die brief van Judas

Die naam 'Judas' was baie gewild.

Ten minste vyf figure in die Nuwe Testament is Judas genoem.

- Paulus het by Judas van Damaskus tuisgegaan (gebly) terwyl hy blind was.
- Judas Barrabas was 'n leier in die gemeente in Jerusalem en het saam met Paulus op sy sendingreise gegaan.
- Twee van Jesus se dissipels is Judas genoem, Judas Iskariot wat Jesus verraai het en Judas, die seun van Jakobus wat nie 'n dissipel was nie.
- Judas, broer van Jakobus en Jesus

Hy noem homself net 'n broer van Jakobus in sy brief, Judas 1:1.

Matteus verwys na Jakobus as die broer van Jesus.

Hy wil slegs as dienskneg van Jesus bekendstaan.

Verwys na Jakobus om gesag aan sy brief te gee.

Hy onderskei homself van die ander apostels.

8x2=(16)

[80]

VRAAG 4**4.1 Markus was 'n Jood wat sy evangelie aan Romeine gerig het**

Evangelie het 'n Semitiese (Joodse) aard.

Die Grieks het 'n sterk Semitiese invloed.

Markus se moedertaal was Aramees.

Baie Aramese uitdrukkinge word verduidelik.

- Boanerges "manne van donder"
- Talita koemi "dogtertjie staan op"

Gebruik verskeie Latyn se uitdrukkinge, bv. legio, sensus, atrium (binneplaas)

Griekse tegniese terme word in Latyn verklaar.

- Twee kopermunte is 'n stuiwe.

Baie Joodse gebruike word verduidelik.

Die Fariseërs het die gebruike van hulle voorvaders gevolg.

Hy laat alles weg wat net op Jode betrekking het, sê niks oor die vervulling van die O.T. nie.

Verklaar nie Joodse gebruike nie.

Die gelyke regte tussen 'n geskeide paar is 'n Romeinse gebruik.

6x2=(12)

4.2 Markus stel Jesus menslik voor.

Jesus raak aan die slaap as Hy moeg is.

By lyding word hy met deernis vervul (1:41).

Jesus word kwaad (3:5).

Hy kan lief wees vir iemand wat hy aantreklik vind (10:21).

Hy vra vrae en soek inligting (5:30)

Hy word honger (11:12).

Jesus is 'n man onder die mense.

Markus verwys na Jesus as die "Seun van die mens."

Hy vermy die titel "Messias".

Mense vra: "Wie is hierdie man?"

6x2=(12)

4.3 **Vorm van Paulus se briewe.**

Opening / Inleiding

- (a) Naam van sender – “Paulus, apostel van Jesus Christus.”
- (b) Geadresseerders – “aan die gemeente van God wat in Korinthe is”
- (c) Kort groet – “Genade vir julle en vrede van God ...”

Danksegging:

Bevat gewoonlik 'n dankbetuiging

Lei die hooftema van die brief in deur die doel of rede van skrywe te gee.

Boodskap:

Bestaan uit twee dele

- (a) Dogmatiese deel (leerstelling) – belangrike Christelike waarhede word verduidelik.
- (b) Praktiese toepassing – geadreseerde word aangespoor tot 'n bepaalde gedrag.

Finale groete:

- (a) Bevat soms persoonlike nuus of advies –
“Die broers by my stuur vir julle groete”
- (b) Laaste seëngroet – “Mag die Here Jesus Christus met jou wees.”
Soms ook “Amen” te slotte.

6x2=(12)

4.4 Die inhoud van die brief van Jakobus en waarom Luther dit “strooi” genoem het

Jakobus skryf net oor die praktiese toepassing van die Christelike leer op die alledaagse lewe.

Hierdie brief klink baie soos Spreuke in die Ou Testament.

Daar was vyf hoofemas in hierdie brief:

Daar was probleme om die brief as kanon in die Bybel te kry.

Die probleem het sy oorsprong uit die outeurskap daarvan.

Party mense beweer dit is nie 'n Christelike geskrif nie.

Dit is meer 'n Ou Testamentiese wysheidsgeskrif.

Die naam van Jesus kom net 2 maal voor.

As Jood, druk Jakobus homself in Hebreeuse styl uit.

As die brief egter noukeurig gelees word, is dit duidelik dat daar meer verwysings is na Christus.

Hy verwys na die wederkoms van die Here.

Sommige sien sy uitspraak oor dade wat belangrik is as dat hy Paulus weerspreek.

Paulus leer dat 'n mens gered word op grond van jou geloof en nie volgens wetsonderhouding nie.

Hierdie skrywers het dit vanuit verskillende fokuspunte benader.

Jakobus leer dat jou dade jou geloof moet bewys – dit is die vrugte van geloof.

Vir Paulus is geloof 'n gawe van God.

8x2=(16)

4.5 Die outeur van Openbaring

Die apostel Johannes was die skrywer:

Vroeë kerkvaders steun die teorie.

Hy noem sy naam – profeties vereis dit.

Hy was 'n Jood – 245 aanhalings uit die O.T.

Hy kan hom met die vervolgdtes identifiseer.

Hy ken die gemeentes in Klein-Asië

Daar is baie ooreenkomste met Openbaring en sy briewe of evangelie – lam/logos/water van die lewe.

10x2=(20)

OF

'n Ander Johannes het geskryf:

Hy noem dan nie sy naam in ander geskrifte nie.

Die gehalte Grieks is baie swak.

Geliefkoosde woorde van Johannes ontbreek in Openbaring, bv. lewe; lig; geloof; liefde.

Die "ander Johannes" kan moontlik die ouderling van Efese wees.

Die "ander Johannes" kan moontlik 'n teoloog wees.

10x2=(20)
[80]

VRAAG 5**5.1 Verskille t.o.v. die feite wat in die vier evangelies aangebied word**

1. Die begin van die Johannes-evangelie verskil van die ander.
2. Johannes gee 'n ander weergawe van waar Jesus oral geleer het.
3. Johannes gee 'n ander beskrywing hoe lank Jesus se werk op aarde geduur het.
4. Daar is moontlik verskil van mening oor Jesus se ouderdom.
5. Die beskrywing van wanneer Jesus Sy werk begin het, is verskillend.
6. Dit is anders in die opsig dat Johannes ons vertel van Jesus wat mense doop.
7. Die tydsberekening van die reiniging van die tempel verskil.
8. Baie van die besonderhede in verband met die Lydensverhaal is anders.

Johannes laat baie dinge uit wat deur die Sinoptiese Evangelies ingesluit word.

7x2=(14)

5.2 Skrywer was een van Jesus se dissipels

Hy ken die dissipels se gevoelens (toe Jesus met die Samaritaanse vrou gepraat het/ toe Jesus op die water geloop het.)

Hy ken hulle private gesprekke (by die put in Samaria/tydens die laaste maaltyd)

Weet waar hulle hul afgesonder het (Efraim naby die woestyn/in die bokamer)

Weet die dissipels het Jesus nie verstaan nie (opwekking van Lasarus/met Sy opstanding)

6x2=(12)

5.3.1 Eskatologiese verwagting II Petrus 3

Die woord eskatologie word van twee Griekse woorde afgelei:

Eschatos = laaste dinge

Logos = studie of leer

Petrus wil dwaalleerstellings beveg.

Sommige mense sê daar is nie 'n Wederkoms nie – sê die skepping het dieselfde gebly.

Hulle sê Christus het belowe om lank terug al te kom – Christus het vergeet om weer te kom.

Geen teken van die Wederkoms nie.

Petrus antwoord hulle.

Alles het nie dieselfde gebly nie – bv. die tyd van Noag.

Tyd is nie vir God belangrik nie – Christus het nie die Wederkoms vergeet nie.

Geen verskil tussen 'n dag en 'n duisend jaar nie.

God vertraag nie Sy wederkoms nie – Hy betoon genade.

7x2=(14)

5.3.2 Invloed op die Christen se lewenswyse.

Moet gereed wees – Die Wederkoms gaan soos 'n dief in die nag gebeur.

Moet geduldig wees – leef in vrede met God.

Kan dit verhaas word – moet bid.

Versigtig wees om nie af te dwaal nie.

Moet groei in kennis van God.

5x2=(10)

5.4 **Gemeente van Filippi was anders.**

Paulus het 'n noue vriendskapsband met hulle gehad.

Dit was die eerste gemeente wat hy in Europa gestig het.

Hy het hulle weer tydens die derde sendingreis weer besoek.

Hulle was entoesiasties oor die Evangelie.

Hulle het ywerig gewerk vir die Evangelie
en die uitbreiding daarvan.

Hulle het altyd geskenke gestuur – selfs
nou vir Epafroditus self.

Paulus skryf: "Ek het julle baie lief"

"Julle is my blydschap"

5x2=(10)

5.5 **Karaktereienskappe:**

Blydschap; eensgesindheid

Vrede; nederigheid

(Enige toepaslike antwoord)

2x2=(4)

5.6 Konsekwensies(gevolge) van Christus se soewereiniteit

Hy ken die mense se dade –

Hy sal alle mense oordeel.

Hy is alwetend – hy ken die mense se sonde en wat tekortsiet in elke gemeente.

Hy sal die ewige lewe gee – die tweede dood sal die gelowige nie tref nie.

Hy sal saam met die gelowige feesmaal hou

Hy sal sy soewereiniteit deel.

Die gelowige moet volhard in sy geloof.

Die ongelowige moet hom bekeer anders

sal hy gestraf word.

Christus het alle mag om te oordeel.

Hy het "'n skerp swaard met twee snykante."

8x2=(16)

[80]

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Kern van die Christelike geloof is in die Bybel omvat:

God openbaar Homself direk en indirek in die Bybel.

Die Bybel getuig van wat God tussen mense gedoen het.

Dit bewerkstellig geloof in die gelowige.

Die lei die mens na God – bring hom tot vrede met God.

Dit is 'n riglyn vir 'n geheiligde lewe.

Dit leer die gelowige om in liefde te lewe teenoor sy naaste.

Dit leer die gelowige wat sonde is en lei hom tot bekering.

Dit leer die name van God/Sy verhouding met mense/Sy verbond.

Dit leer die gelowige van Jesus Christus/Sy

sterwe/opstanding/hemelvaart/wederkoms.

Dit leer die begrip Drie-eenheid

Die gelowige leer van vergifnis/opstanding en die

Ewige Lewe.

8x2=(16)

6.2 Karaktertrekke van die kerk

Christus is Hoof van die kerk

Die Kerk het sy bestaan aan Christus self te danke, nie die werk van mense nie.

Christus het nie net die Kerk gestig nie, maar hy is altyd daar om dit te onderhou en te regeer.

Die Kerk is alle gelowiges (die liggaam) en Christus is die hoof.

Christus is die Heerser (die kop) en sonder Hom kan die liggaam nie bestaan nie.

Die gelowiges het elkeen 'n funksie in die Kerk soos lede van die liggaam.

Die kerk is universeel:

Christus wou Sy Kerk verenig gehad het.

Daar is slegs een Kerk van Christus.

'n Ander woord is katoliek/algemeen.

Christus wil hê die kerk moet 'n eenheid vorm (verenig wees).

'n Verenigde Kerk praat met een stem en oortuig die wêreld makliker van sy boodskap.

Dit is nie beperk tot een plek/taal/tyd of ruimte nie.

Omdat ons mense is, is die eenheid van die Kerk nog onvolmaak – verskille in geloof.

Dit is die plig van elke Christen om te streef en bid vir verdraagsaamheid wat sal lei tot ware eensgesindheid (ekumeniese/universele beweging).

15x2=(30)

6.3 Die Tweede Gebod**6.3.1 Maak van beelde:**

God het die aanbidding van beelde (standbeelde) verbied.

Die mens aanbid altyd wat vir hom as die belangrikste in die lewe is.

Al die tyd, energie, geld en gedagtes word daaraan spandeer.

In die O.T. is baie afgode aanbid en profete het dit veroordeel.

Israel het dikwels hierdie gebod oortree en is deur profete veroordeel.

God is vry en is oral teenwoordig, kan nie deur mense beperk word nie.

God sal optree en sal verseker dat slegs Hy en Sy regte erken word

God duld nie mededingers nie.

Hy vereis om geëer en aanbid te word as die enigste God.

Die gelowige moet God alleen aanbid om vrede in sy gemoed te kry.

Afgodediens word deur God verbied.

Christus is die enigste ware beeld van God.

8x2=(16)

6.3.2 Rede waarom gebod nagekom moet word:

- Hierdie deel van die Gebod is 'n konstante herrinering aan ons dat ons 'n verantwoordelikheid het teenoor mekaar, veral ons nasate (kinders).
- In hierdie deel van die Gebod waarsku God die Israelite teen een van die gevare van afgodediens –
 - hulle kinders sal dit ook doen en van God vervreemd raak.
 - hulle sal straf vir hulleself en baie geslagte veroorsaak.
 - lewensstyl wat die jaloerse God van Israel nie sal duld nie.

5x2=(10)

6.4 Ons Vader:

- God is Vader – hy is die Bron van alle lewe – Hy het 'n verhouding van liefde met Sy kinders deur Jesus. Hy voorsien, onderhou, regeer.
- Die frase 'Ons Vader' beskryf ons verhouding met ons medemens.
 - Ons is deel van God se familie.
 - Enige vorm van nasionaliseme, hoogmoedigheid, rassisme, klasonderskeid, kleurgrense wat teen mense diskrimineer pas nie by Ons Vader nie.
 - Christus openbaar God aan ons as ons Abba (Vader). 4x2=(8)
 - Ons kan 'n noue persoonlike verhouding hê met Hom.

[80]

VRAAG 7

7.1 God as vader:

In die Ou Testament

God was die Vader van Israel.

Israel is deur God uitverkies om Sy volk te wees.

God was die vader van die koning beskou.

Die koning verteenwoordig en praat namens die volk by God. 4x2=(8)

In die Nuwe Testament

God is die vader van individu.

Elkeen is verantwoordelik om God te eer as vader.

Hy is Abba of Vader. Die woord 'Abba' dui op 'n persoonlike verhouding tussen die individu en God. 4x2=(8)

7.2 Werklikheid en betekenis van die opstanding vir 'n Christen

Jesus het op die derde dag opgestaan.

Hy was werklik dood.

God die Vader het Hom opgewek.

Sy opstanding het werklik plaasgevind:

Niemand het Hom gesien opstaan nie.

Vroeg die Sondagmôre het vroue gegaan
om Sy liggaam te self – graf was leeg.

Profesie is vervul dat Hy na drie dae opgewek sou word.

Hy verskyn aan baie mense.

Die leë graf was nie die enigste bewys nie.

Hy verskyn aan die Emmausgangers, Sy dissipels, Petrus.

Hy is opgewek met 'n verheerlikte liggaam:

Dit lyk asof Christus se verheerlikte liggaam nie presies soos Sy fisiese liggaam gelyk het nie. Op meer as een geleentheid is Hy nie onmiddellik erken nie. 5x2=(10)

Betekenis vir Christene**Die Opstanding is die basis vir die Christelike geloof:**

- As Christus nie uit die dood opgestaan het nie, het ons niks om julle te leer nie en het julle niks om te glo nie.

Ons sal ook eendag opgewek word.

- Christus gee aan ons die hoop op die Ewige lewe.

Ons sal ook verheerlikte liggame hê, soos Christus.

- Paulus sê ons sterflike liggame sal onsterflik gemaak word en ons fisiese liggame sal geestelik word.

Ons word geroep om ambassadeurs van die Koninkryk te word.

- Ons moet bekering en die vergiffenis van sondes aan alle nasies verkondig.

5x2=(10)

7.3 Die Sesde gebod:

Enigiets wat tot moord aanleiding kan gee, moet vermy word – woede, mense vloek (geestelike dood).

Suiwer gedagtes en begeertes is belangrik.

Alle wettige, Godvresende gesag moet erken word. Bid vir hulle in gesag.

Probleme met gesag moet uitgepraat word.

Geweld in rolprente, videos, televisieprogramme en koerante beïnvloed mense om te glo dat geweld aanvaarbaar is.

Mense dink geweld is die antwoord as jy kwaad of ontsteld raak.

Hulle begin glo dat "die doel die middel heilig".

Die Bybel leer ons dat moord nie vir God aanvaarbaar is nie. 'n Christen moet hierdie moeilike aangeleentheid verantwoordelik en in gebed nader.

Hulle het respek vir menslike lewe en weet die mens is na God se beeld gemaak.

In die O.T. is hulle wat hierdie gebod verbreek het, gestraf.

Doodstraf was vanaf die begin daar.

Drank-, alcohol-, dwelm- en tabakmisbruik word verbied.

Selfmoord word verbied, aborsie, genadedood.

Enigiets wat ons lewe in gevaar stel, word verbied.

(ope memo)

15x2=(30)

7.4 Gebed in afsondering en in die openbaar.

Christus is ons voorbeeld.

Christus het in die openbaar gebid (openbare aanbidding in die sinagoge/saam met Sy dissipels). Mat 12:9, Luk 4:16

Hy het saam met Sy dissipels gebid. (Joh 17)

Tog het Hy ook in privaatheid gebid. –

Hy het eenkant (privaat) gebid voor die verkiesing van Sy dissipels/apostels. (Luk 6:12)

Christus veroordeel openbare gebed om ander mense te probeer beïdruk.

Hy kritiseer lang, betekenislose gebede en die herhaling van mooi woorde.

As ons tot God bid, moet ons eerlik en opreg wees.

Ons moet God loof en prys en ons behoefts aan Hom bekend maak.

Tydens belangrike gebeurtenisse in ons lewens moet ons na God gaan en Sy hulp vra.

7x2=(14)

[80]

VRAAG 8

8.1 Algemene openbaring is onvoldoende vir redding:

*Algemene openbaring is die kennis wat alle mense kan kry oor God in die natuur, geskiedenis of gewete.

Algemene openbaring het egter hierdie beperkinge:

- Sedert Adam se sondeval is dit oop vir verderf en kan dit misverstaan word

*Die mense se sondige weë verhoed dat die waarheid bekend raak.

*Die mens is geneig om te glo wat hy wil en om sy eie begeertes te bevredig.

*God kon nie Homself op hierdie wyse bekendmaak nie.

*Die algemene openbaring leer nie van Jesus nie.

*Die verlossingsboodskap kan nie uit die algemene openbaring kom nie.

*In die natuur, geskiedenis of jou gewete kan jy nie byvoorbeeld God se name, of Jesus se kruisdood, verlossing, opstanding of ewige lewe leer ken nie.

*Slegs deur die besondere openbaring (Bybel) kan jy leer wat sonde is en hoe om daarvan verlos te word.

4x2=(8)

8.2 God se houding teenoor die sondige mens.

- Die mens het ontrou aan God geword vanweë sy sonde (Heb 3:12).
- Die mens was ongehoorsaam teenoor God, sy Skepper geword.
- God het die mens na Sy beeld geskape.
- Die mens was die kroon van die skepping.
- God het die mens met vrye wil geskape.
- Hy kon kies om die proefgebod te gehoorsaam of om dit nie te doen nie.
- Sy keuse was om teen God te draai – hy wou vry wees.
- Dit was 'n valse vryheid.
- Op hierdie wyse het sonde in die wêreld ontstaan.
- Die verhouding tussen God en mens is gebreek, tog draai God nie Sy rug op die mens nie.
- God het nie die mens in 'n toestand van sonde gelaat nie, omdat Hy onmiddelik die pad na redding aan te dui. (Gen 3:15)
- God gee aan alle mense die geleentheid om Hom deur Sy skepping te leer ken. (Rom 1:20, 21)
- Om Israel te help om nie te sondig nie, het God hulle die Wet (Dekaloog) gegee.
- Paulus verduidelik wat werklik tel is dat 'n mens 'n regverdige lewe voor God lei.
- Paulus benadruk dat gehoorsaamheid aan die wet sonder geloof nie voldoende is nie.
- God red die mens deur hulle aanvaarding van Jesus.
- Volgens Johannes beskou God ons as Sy kinders, ondanks ons sonde. (1 Joh 3:1)
- Christus het die Bose (Satan) verslaan en dit vir ons moontlik gemaak om kinders van God te word.
- Die mens moet liefhê soos Christus; Hy is die Blye Boodskap en het Sy lewe vir ons afgelê.
 - As ons liefhet soos Jesus, sal ons eensgesind met God leef.

7x2=(14)

8.3 Die Heilige Gees se goddelike eienskappe.

Die H.G. is ook heilig, soos God.

Die getuienis van die Heilige Gees is duidelik uit die opwekking van Jesus.

Hy is ewig. Alwetend.

Miskenning van die HG is verwerping van God – dit leer die Bybel.

Hy gee Goddelike opdragte – Gee ons lewe.

Lastering teen die H.G. is die grootste sonde waarvoor daar geen vergifnis is nie.

Hy is die derde persoon van die Drie-eenheid.

Jesus belowe dat die H.G. gestuur sal word in Sy plek.

Die H.G. as "Ek" gee opdragte.

Hy verenig ons met Christus – stel ons in staat om die Goddelike waarheid te verstaan.

Met die H.G. sluit Christus die Nuwe Verbond in mense se harte.

8x2=(16)

8.4 Die doel van die Wet vir Christene

- Die Nuwe Wet eis 'n nuwe ingesteldheid teenoor die ou Wet.
- Jesus benadruk dat wetsgehoorsaming ter wille van die openbare mening is om dit te misbruik.
- Die Nuwe Wet eis die regte ingesteldheid teenoor God.
- Christene gehoorsaam die Wet omdat hulle God liefhet en vertrou, nie omdat hulle straf vrees nie.
- Die Wet maak die mens bewus van sy sonde.
- Die Wet herrinner ons dat ons 'n Verlosser nodig het oor ons sondaars is.
- Die Wet maak die mens bewus van wat reg is.
- Paulus verwerp nie Wetsonderhouding nie.
- Hy besef dat die Wet jou lei na God.
- Hy sê dat redding geleë is in geloof, nie wetsonderhouding.
- Die funksie van die Wet is om die weg na Christus aan te wys.
- Die Wet toon aan hoe ons 'n lewe van dankbaarheid moet lei.
- Die Wet berei die mensdom voor vir Jesus.
- Ons kan nie voorgee ons is life vir God as ons Sy Wet verontagsaam en nie ons naaste liefhet nie.

6x2=(12)

8.5 Laaste drie bedes van Ons Vader-gebed

8.5.1 Vier bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood

Die woord "brood" word hier in 'n letterlike en figuurlike sin gebruik, Dit verwys nie net na die werklike brood nie.

Ons vra God vir ons materiële behoeftes vir ons menslike lewe, wat Gesondheid en geleenthede insluit.

Ons erken dat God die gewer van alle dinge is.

Bid vir die behoeftes van alle mense.

Dit maak nie saak hoe nietig ons behoefte is nie, ons kan dit aan God stel.

Jesus verwys na Homself as die 'Brood van die Lewe'.

Ons moet egter net van God vra wat nodig is, dit is verkeerd om vir luukshede te bid.

Hierdie gebed is beslis vir ons eie behoeftes, maar ons mag nie nalaat om ook vir die behoeftes van ons medemens te bid nie.

5x2=(10)

8.5.2 Vyfde bede: Vergeef ons oortredinge soos wat ons diegene vergeef wat teen ons sondig.

- Die mens het vergiffenis van sy sondes en sy mislukking van liefde teenoor God nodig.
- Die mens wil sy persoonlike verhouding van liefde met God herstel.
- Ons moet mekaar (naaste/medemens) ook vergewe.
- Ons moet mekaar vergeef soos Jesus gesê het: Sewentig maal sewe.

5x2=(10)

8.5.3 Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die bese.

God versoek niemand nie – versoeking kom van die duiwel.
 Die duiwel het selfs vir Jesus versoek.
 Ons bid dat ons nie bo ons kragte versoek sal word nie.
 Ons erken dat God ons moet help en beskerm.
 God laat versoeking toe om ons geloof te versterk.
 God gee aan ons die krag om versoeking te kan weerstaan.

5x2=(10)

[80]

VRAAG 9

9.1 **Hoe en waarom het God alles geskep.**

God het die wêreld geskep om Sy liefde te deel.
 Alles wat bestaan is deur God geskep.
 Hy skep alles uit niks.
 Hy het gespreek en dit was so.
 Jesus was God se "Woord" deur wie Hy skep.
 Die H.G. was ook teenwoordig – "sweef oor die waters"
 Die mens was die kroon van God se skepping.
 God was tevrede met Sy skepping.
 Alles was goed.
 Die skepping openbaar die heerlijkheid van God.

4x2=(8)

9.2 **Die unieke verhouding tussen Jesus en God:**

Jesus noem God "my Vader".
 Hy is God se enigste Seun.
 Hy is God se natuurlike Seun.
 Jesus is die Logos – "Woord".
 Jesus was saam met God van die begin af daar.
 God het Sy enigste Seun gestuur na die wêreld.
 Jesus het eerstehandse kennis van God.
 Sy woorde is die woorde van die Vader.
 God het alles aan Jesus oorhandig.
 Seun en Vader is een.

6x2=(12)

9.3 Die woord "Here":

Die Griekse woord is ***kurios***

Daar is vier betekenis vir hierdie woord:

- (a) Absolute eienaarskap – Jesus is die alleeneienaar van al Sy besittings.
- (b) Absolute meester – Jesus het beheer oor Sy onderdane en hulle onderwerp hulle vrywillig aan hulle Here.
- (c) Absolute heerser – Jesus het totale mag en gesag: Hy regeer sonder enige hulp.
- (d) Absolute godheid – Jesus deel Sy gesag met geen ander nie. 5x2=(10)

9.4 Die wederkoms:

9.4.1 Doel en wanneer sal dit plaasvind

Dit is 'n realiteit – dit het alreeds begin.

Dit is eers wanneer ons sterf wat ons volkome in die Ewige Lewe ingaan.

Niemand weet presies wanneer dit sal plaasvind nie – nie eers Jesus nie, net die Vader weet.

Dit sal kom soos 'n dief in die nag (onverwags).

Baie tekens kan dit voorafgaan.

Jesus Christus sal met Sy opgestane liggaam op die wolke verksyn.

Almal sal Hom sien.

Chaos sal uitbreek en die wêreld sal in sy plek gemaak word.

Die wat nog leef en die wat reeds gesterf het, sal geoordeel word.

Hulle wat bose dade gedoen het, sal gestraf word.

Hulle wat goeie dade gedoen het, sal beloon word.

Die skepping sal hernu en verander word.

Christus sal heers.

Die Koninkryk van God sal op die aarde gevestig word.

Geen trane, oorlog of misdaad

Daar sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees. 8x2=(16)

9.4.2 Ewige Lewe – hoe verkry?

Dit is 'n gawe van God

Dit is die gevolg/beloning vir geloof in Jesus Christus. 2x2=(4)

9.4.3 Ewige Lewe – wat verwag?

God beskik oor die Ewige Lewe.
 Diegene wat in Christus glo, kan ook die ewige lewe kry.
 Dit is 'n gawe van God.
 Deur in Christus te glo, kry jy dit.
 God wil nie hê dat enigiemand verlore gaan nie.
 Daar sal ons saam met God wees.
 Geen honger, dors of swaarkry
 Geen dood, rou, huil of pyn.
 God is verenig met ons op die nuwe aarde/hemel.
 Jy kry dit van die oomblik dat jy Jesus aanneem/glo.
 Daar is nie langer 'n skeiding tussen God en die mens nie, maar volmaakte harmonie.
 Nie net vir die toekoms voortbestem nie.
 Dit begin wanneer 'n mens deur die Heilige Gees wedergebore word.
 Met die dood gaan ons dit heeltemal binne as die gelowige permanent met God verenig word.
 Die H.G. help ons om in geloof te lewe, lei ons in Christus te glo en verseker ons van die Ewige Lewe.

5x2=(10)

9.5 **Ander valse gode vandag**

Die mens skep nog steeds valse gode:
 Geld/bygelowe/politiek/ambisie.
 Geloof in enige van bg. is afgodediens.
 Enige ander ding/persoon waarin jy al jou vertrouwe plaas, is 'n afgod.
 Heksery, fortuinvertellery, noodlot, aanbidding van voorvaders is alles verbode.
 'n Ware gelowige moet deur die H.G. gelei word.

5x2=(10)

9.6 **Die Heilige Gees in die Christen se gebedslewe:**

Die gelowige (Christen) ontvang die H.G. as gawe.
 God stuur die H.G. sodat die Christen kan bid.
 Die H.G. help die gelowige om reg te bid met die regte ingesteldheid.
 Hy help die Christen in sy swakheid.
 Die mense weet nie altyd wat om te bid nie.
 Hy 'vertaal' die gebed van die mens aan God.
 Die H.G. pleit by die Vader namens die gelowige.
 Hy lei die Christen in die waarheid/tot ware aanbidding.
 Hy help die Christen in die ware verering van God.
 Die H.G. help dat die Christen insig kry na die wil van God.

5x2=(10)

[80]

TOTAL: 400